

Dinsdag 8 September

Skrifgedeelte: Rut 4:7-12

Fokusgedeelte: Rut 4:11

Getuies van loskoping in Betlehem, die Stad van Dawid

'n Getuie is iemand wat bevestig wat gebeur het. In die Ou Testament was dit 'n amptelike bevestiging van dit wat plaasgevind het – byvoorbeeld 'n huweliksbevestiging, die terugkoop en/of oordrag van eiendom. Veral wanneer iemand as 'n lossers moes optree, wat onder andere (teen 'n prys) verlore eiendom kon terugkoop, slawe kon vrykoop, of in die leviraatshuwelik (swaershuwelik), waar 'n man sy oorlede broer se vrou as sy eie neem.

Die eersgeborene uit hierdie huwelik is as die oorledene se kind én erfgenaam beskou.

In God se voorsienigheid was Boas 'n naasbestaande van Elimeleg. Sodoende staan hy ook in die ry om met Maglon se weduwee te trou. Al kry die eerste familielid geleentheid om nog eiendom te bekom, sien hy nie kans om met Rut te trou nie. So roep Boas tien stadsleiers, en almal in die stadspoort, tot getuies (vs 9). Hulle moet bevestig dat hy nie net Maglon se familie-eiendom terugkoop nie, maar ook Rut as vrou neem. Hulle is nie net getuies van 'n eiendomstransaksie en 'n swaershuwelik nie, maar spreek ook die seën uit op hierdie voorgenome huwelik. Mag die huwelik geseënd wees soos wat die Here vir Jakob en Peres geseën het.

Dit is nie net in hierdie boek van die Bybel wat ons van Rut lees nie. Ook in Matteus 1 lees ons van Rut en haar “losserman” Boas wat in Jesus Christus se geslagsregister opgeneem is. In die Stad van Dawid is ons Redder en Verlosser gebore. Later, aan die kruis by Golgota, was Jesus se dissipels *getuies* en het deur die werking van die Heilige Gees dit alles vir ons neergeskryf.

So het ons Here Jesus met sy lewe en bloed betaal en is ons nou sy eiendom, vrykoop van die slawerny van die sonde. Ons het sy “bloedfamilie” geword.

Sing: Psalm 116-1:3, 4

Ds. JJ de Bruyn (Johannes) (George)